SA Jagters- en Wildbewaringsvereniging
SA Hunters and Game Conservation Association
Bewaring deur volhoubare benutting / Conservation through sustainable utilisation

MDS STREEK- EN NASIONALE KLEURE

12 Mei 2023

SA JAGTERS: MULTI DISSIPLINE SPORTSKIET (MDS): STREEK- EN NASIONALE KLEURE

Goeie dag alle MDS skuts!

Hierdie kort inligtingstuk is bedoel om te verduidelik wat die vereistes sal wees vir die toeken van streek- en nasionale kleure erkenning vir die jaar 2023 en hoe die erkenning van prestasies bestuur sal word.

STREEKKLEURE:

Vir die toeken van streekkleure moet die skut binne 85% van die top skut in sy/haar kategorie (klas), divisie en klassifikasie skiet by enige **twee** streekskietgeleenthede om streekkleure te verwerf.

Bv: As die top Ope SS DA skut 300 punte oor 6 bane geskiet het by ’n streekskietgeleentheid moet die Ope SS DA skut, 85% of meer van daardie telling skiet (255 of meer) om vir streekkleure in aanmerking te kom. Die skut moet dit by **twee** streekskiet byeenkomste in dieselfde jaar behaal om te kwalifiseer vir streekkleure.

Sou daar nie genoegsame deelname van ten minste 3 skuts in dieselfde kategorie (klas), divisie en klassifikasie wees nie, moet die skut dan binne 85% van die top telling van die dieselfde klassifikasie (BG, GS, SS, US of MS) skiet by twee streekskietgeleenthede om in aanmerking te kom vir streekkleure.

Bv: As die top GS skut in dieselfde kategorie (klas), 300 punte oor 6 bane geskiet het by ’n streekskietgeleentheid, moet die individu 255 (85%) of meer skiet om in aanmerking te kom vir streekkleure.

Indien ’n skut in die Junior, Dames, Senior, Veterane en Super Veterane klas deelneem en daar is nie genoeg deelname, van ten minste 3 skuts in sy/haar divisie nie, moet die skut binne 70% van die top telling van die betrokke klassifikasie (BG, GS, SS, US of MS) skiet, waarna daar dan na die skut se spesifieke kategorie (klas) gekyk sal word, bv. Veterane. Die skut moet ook binne 85% van die top skut in sy/haar kategorie (klas) wees by twee streekskietgeleenthede om in aanmerking te kom vir streekkleure.

Bv: As die top GS 300 punte oor 6 bane geskiet het by ’n streekskietgeleentheid moet die individu, waar daar nie genoeg (ten minste 3 Skuts) deelname is nie, binne 70% van GS topskut se telling skiet (dus 210 of meer), en die skut is bv. ’n Veteraan, moet die skut ook binne 85% van die topskut in die Veteraan kategorie (klas) skiet om in aanmerking te kom vir streekkleure.

NASIONALE KLEURE:

Soos per die reëlboek moet die skut aan minimum kwalifiserende vereistes voldoen om genooi te word na die nasionale kampioenskap. (Reël 13.6)

Dieselfde beginsels sal dan ook gebruik word by die nasionale kampioenskap, behalwe dat die skut met slegs een skietgeleentheid by die nasionale kampioenskap nasionale kleure kan kry.

Sou ’n skut wat nog nie streekskleure het nie by die nasionale kampioenskap aan die minimum kwalifiserende vereistes voldoen, sal streekkleure toegeken word. Die beginsel is dat die skut nie nasionale kleure kan verwerf voordat hy/sy streekkleure verwerf het in enige gegewe jaar nie en geld slegs vir daardie jaar.

Beide ope divisies (4.6.6 & 4.6.7) sal ook vanjaar toegelaat word by die nasionale kampioenskap ingevolge reël 4.6.6.4 en 4.6.7.4 onderskeidelik. Beide die ope divisies sal ook in 2023 streek- en nasionale kleure kan verwerf ingevolge reël 4.6.6.4 en reël 4.6.7.4.

Vir enige navrae skakel asb met een van die volgende nasionale MDS koordineerders:

Dirk Brand	083 324 2237
Martin Dreyer	076 953 4278
Jacques van Eck	082 566 0529